


/MC

Saak nr 375
363/87JOSEPH HOKO EN ANDERE

- en -

DIE STAATVIVIER AR.

/MC

Saak nr 363/87.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen

JOSEPH HOKO

DICKSON MADIKANE

JOHN DANIELS

ERNEST SOLOMONS

DAVID KETSHAM

Appellant nr 1

Appellant nr 2

Appellant nr 3

Appellant nr 4

Appellant nr 5

- en -

DIE STAAT

Respondent

CORAM: JOUBERT, HEFER et VIVIER ARR.

VERHOORDATUM: 18 November 1988

LEWERINGSDATUM: 28 November 1988.

UITSpraak

VIVIER AR/....

VIVIER AR:

Die vyf appellante, na wie ek onderskeidelik as beskuldigdes 1, 3, 5, 6 en 7 sal verwys, is in die Streekhof op George aan openbare geweld skuldig bevind. Beskuldigdes 1, 5, 6 en 7 is elk tot agt jaar gevangenisstraf en beskuldigde 3 tot tien jaar gevangenisstraf gevonniss. Drie jaar van die gevangenisstraf van beskuldigde 5 is vir vyf jaar op sekere voorwaardes opgeskort.

Die appellante se appèl teen hulle skuldigbevindings en vonnisse na die Kaapse Provinsiale Afdeling het misluk en met verlof van hierdie Hof kom hulle nou in hoër beroep slegs teen hulle vonnisse.

Die tersaaklike feite vir huidige doeleindes is die volgende. Om ongeveer 8 uur op Vrydagaand 22 November 1985 het ene Mann met sy firma se vragmotor werknemers in Bongulethu, n Swart woonbuurt naby Oudtshoorn, gaan aflaai. Hy het in Derdelaan gestop en sy passasiers het afgeklim. n

Groot skare oproeriges, waaronder die vyf appellante, het nadergekom, die vragmotor met klippe bestook en 'n slagspreuk geskreeu. Beskuldigdes 1 en 5 het na die vragmotor gegaan en vir Mann uitgeruk en op die grond gegooi terwyl die res van die skare 'n entjie weg gestaan het. Beskuldigdes 1 en 5 het daarna die vragmotor aan die brand gesteeek met petrol uit 'n kannetjie wat beskuldigde 1 by hom gehad het. Die vragmotor het heeltemal uitgebrand. Mann het weggehardloop, agtervolg deur o a beskuldigdes 3, 6 en 7. Hy het ontkom en ongeveer 1 km van die toneel die polisie teengekom wat hom gehelp het. Hy is nie beseer nie.

Hierdie Hof se bevoegdheid om met die vonnis van die verhoorhof in te meng, is beperk tot gevalle van onreëlmatigheid, wanvoorligting of onredelikheid. S v Buthelezi 1985(2) SA 806(A) op 811H en S v Pieters 1987(3) SA 717(A) op 727F-728D.

Mnr Desai, wat namens al die beskuldigdes voor ons verskyn het, het slegs betoog dat die vonnisse onredelik swaar is, en wel in die lig van die beskuldigdes se persoonlike omstandighede, die rol wat elkeen by die gebeure gespeel het en vonnisse wat in ander gevalle van openbare geweld opgelê is.

Die beskuldigdes se persoonlike omstandighede word volledig in die landdros se uitspraak oor vonnis uiteengesit. Behalwe beskuldigde 5, wat 'n 16-jarige skoolseun is, is al die ander jong mans tussen die ouderdomme van 22 en 29 jaar, ongetroud, arbeiders en woonagtig in Bongulethu. Behalwe beskuldigde 3, wat nie minder nie as elf vorige veroordelings het, insluitende vyf vir geweldsmisdade, is almal eerste oortreders of kan as eerste oortreders beskou word.

Beskuldigdes 1 en 5 was die voorbomme van die skare oproeriges en hulle optrede kon maklik die ploffbare situasie wat daar geheers het, vererger het. Beskuldigdes 1 en 5 het

groot skade aan eiendom aangerig en die man wat hulle uit sy vragmotor geruk het, in lewensgevaar geplaas. Hulle is aangehits deur die gepeupel, van wie beskuldigdes 3, 6 en 7 deel was. Laasgenoemdes het daarna vir Mann agternagesit toe hy ontvlug het. Gelukkig vir almal het hy ontkom.

Geweldpleging van hierdie aard, wat al te dikwels in ons Swart woonbuurte voorkom, moet in 'n baie ernstige lig gesien word. Die aandeel van beskuldigdes 1 en 5 in die gebeure was groter as dié van die ander beskuldigdes.

Wat betref die vonnisse wat in ander gevalle van openbare geweld opgelê is, waarna mnr Desai ons verwys het, is die feite van daardie sake so verskillend van dié in die huidige saak dat dit, na my mening, nie as maatstaf vir die huidige saak kan dien nie. Vgl S v Maseko 1988(4) SA 1(A) op 4F-G.

In die omstandighede van hierdie saak meen ek nie dat die opgelegde vonnis van beskuldigde 1 onredelik swaar is

nie, of dat nie voldoende gewig geheg is aan die jeug van
 beskuldigde 5 deur drie jaar van sy vonnis op te skort nie.
 Vanweë hulle mindere aandeel in die gebeure meen ek dat dit
 gepas is om 4 jaar van die vonnisse van elk van beskuldigdes
 6 en 7 op te skort. In die lig van beskuldigde 3 se vorige
 veroordelings kan egter nie gesê word dat sy opgelegde vonnis
 onredelik swaar is nie.

Gevolgtik slaag die appèl van beskuldigdes 6 en 7
 tot dié mate dat elkeen se opgelegde vonnis gewysig word deur
 vier jaar van die gevangenisstraf vir vyf jaar op te skort op
 voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan
 openbare geweld, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting
 nie. Die appèlle van beskuldigdes 1, 3 en 5 word afgewys.

W. VIVIER AR.

JOUBERT AR)

Stem saam.

HEFER AR)